Fotografie

"In my geestesoog sien ek hoe 'n sekere ... visie en gevoel op 'n foto sal lyk. As dit my opgewonde maak, is daar 'n goeie kans dat dit 'n goeie foto sal uitmaak. Dit is 'n intuïtiewe aanvoeling, 'n vaardigheid wat met baie oefening kom."
- Ansel Adams

Doelwit: Om die Verkenner op te lei en vaardig te maak met die kamera, sodat hy dit optimaal kan gebruik en goeie foto's kan neem.

Weergawe: 2007

Datum: Augustus 2007

Begronding

Voortrekkerkode:

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Met die aanbied van die spesialisasie word die ABC soos volg aangespreek:

Afrikanerskap :
Deur fotografie kan ons geskiedenis visueel maak en bewaar vir die nageslag. Historiese gebeure en plekke kan vir altyd op foto's bewaar word. Ons voorvaders het dit in die vorige eeu 'kiekies' genoem. Kom ons bewaar ook hierdie geskiedenis waaraan ons tans "skryf", vir die nageslag soos bv. Bewaar foto's van die 75 jarige fees by die Voortrekkermonument.

Burgerskap:
Waardering van die omgewing. Fokus op dienslewering aan die gemeenskap bv. let op na ongewone plante en diere. Neem foto's vir koerante/tydskrifte en webtuistes, wat dit kan gebruik vir identifisering van moontlike nuwe spesies. Neem foto's by huis vir bejaardes en skenk dit aan hulle.

Christenskap:
Ontwikkel jou talente wat God vir jou gegee het om nuwe vaardighede aan te leer. Die spesialisasie fokus op positiewe en negatiewe gebruike van fotografie. Positiewe gebruik van fotografie sluit in familiefoto's, natuur, geskiedkundige gebeure en gemeenskapsdiens. Negatiewe gebruik is onder andere pornografie, neem van foto's waar maats handgemeen raak en versprei dit dan deur selfone. Die negatiewe gebruik van fotografie is nie aanvaarbaar vir 'n Christen nie.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	2 dae	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Indien die spesialisasie in span-/groepsverband afgehandel word, moet al die onderskeie keuses gedek word. • Vereistes 1 en 2 is werkstukke wat individueel of in groepsverband gedoen kan word. 'n Groep moet nie uit meer as 2 of 3 lede bestaan nie. • Slegs een onderwerp uit vereiste 1 en een uit vereiste 2 moet gedoen word. Die werkstukke moet op plakkate gedoen word met prente/sketse om dit toe te lig. (Elke groepie of individu voltooi dus een plakkaat van 'n onderwerp uit vereiste 1 en een plakkaat uit vereiste 2.) • 'n Model moet gebou word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Fotografie

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Die verskillende onderdele van ‘n film- en ‘n digitale kamera kan identifiseer en elk se funksie kan verduidelik.

2. Weet waarna om op te let tydens die keuse van ‘n film- en ‘n digitale kamera asook die gebruik en verskil tussen ‘n SLR digitale kamera, ‘n gewone digitale kamera en ‘n selfoonkamera en die invloed van megapieksels op digitale foto’s.

3. Die basiese beginsels van die werking van kameras ken en kan uitvoer.

4. Weet watter soort films beskikbaar is en waarvoor ASA 100- tot ASA 400-films gebruik word asook die invloed van ASA100, 400, 1000 verstellings op digitale kameras. Die Verkenner moet weet hoe om die Wit Balans stelling op ‘n digitale kamera reg te gebruik.

5. ‘n Film en geheuekaart kan laai en uit die kamera kan haal sonder om dit te beskadig.

6. Verstaan watter rol lig speel tydens die neem van ‘n foto asook die rol wat sluiterspoed en lensopening speel op die beligting van ‘n foto.

7. Weet watter faktore in ag geneem moet word om ‘n goeie foto saam te stel.

8. Weet waarna om op te let t.o.v agtergrond of voorwerpe op die agtergrond.

9. Individuele foto’s kan neem asook ‘n samestelling en rangskikking van ‘n groep mense kan doen.

10. Weet waarna om op te let by die volgende:
    - 10.1 Natuurtonele.
    - 10.2 Stillewes.
    - 10.3 Diere.
    - 10.4 Aksiefoto’s.
    - 10.5 Vakansiefoto’s.
    - 10.6 Spesiale tegnieke en filters.

11. ‘n Album saamstel met minstens 20 foto’s wat ‘n versameling van bogenoemde foto’s (in punt 10)bevat.

12. Die verskil verstaan tussen digitale vergroting en optiese vergroting (“zoom”) op ‘n digitale kamera.

13. Bewus wees van die gebruik van rekenaarsagteware om foto’s te korrigeer en te verbeter.

14. Bewus wees van die metodes van bewaring en lewensduur van foto’s in gedrukte formaat , CD’s en DVD’s.

15. Deelneem aan ‘n gesprek oor die positiewe gebruik van fotografie, onder andere familie foto’s, natuur en geskiedkundige gebeure en gemeenskapsdiens. Bybelaanhalings oor die gebruik van talente kan ook gebruik word.

16. Deelneem aan ‘n gesprek oor die negatiewe gebruik van fotografie, onder andere pornografie. Lees Deutoronomium 21: “Jy mag nie iemand anders se vrou begeer nie...” en 1 Korintiërs 13: 4 – 7.

WENK
Die album kan ook elektronies wees.
Die groep kan almal foto’s neem, al die foto’s kan digitaal afgelaai word op ‘n rekenaar en kan dan met behulp van ‘n projekter vertoon word en elke foto kan dan krities deur die groep geëvalueer en bespreek word. Deur hierdie proses te volg kan die Verkenner leer uit eie en ander se foute.